HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

WEEKBRIEF 7 | **1 MAART 2024**

UIT DIE Akademie KANTOOR

Die jaar vorder fluks en ook op akademiese gebied staan die tyd nie stil nie. Ses weke van hierdie jaar is agter die rug en ons nader al weer die einde van die kwartaal. Op akademiese gebied lê die belangrikste deel van die kwartaal egter nog voor. Ons begin Maandag met die formele toetsreeks waarby alle leerders betrokke is. Hierdie is 'n belangrike toetsreeks aangesien dit 'n goeie aanduiding van elke leerder se akademiese situasie bied. Party leerders was pligsgetrou en het van die begin af hard gewerk en seker gemaak dat hulle op datum bly, maar vir party ander leerders het die tyd so vinnig verby gegaan dat hulle nie die belangrikheid van akademie en ander aktiwiteite kon balanseer nie. Hierdie toetsreeks gaan in die meeste vakke die grootste gewig dra wanneer rapportpunte bereken word. Dit is dus belangrik dat elke leerder nou moet inspring en aandag skenk aan akademie.

Toetsreeksinligting

Dit is belangrik om te let dat hierdie 'n toetsreeks en nie 'n eksamen is nie. Let asseblief op na die toetsreëlings elders in hierdie weekbrief. **Die skool gaan elke dag normaal voort met akademiese klasse en dan word daar aan die einde van die skooldag 'n periode van een uur ingeruim waartydens toetse geskryf word.** Tydens die skooldag gaan onderrig normaal voort en word nuwe vakinhoud aangebied. Leerders mag dus **nie tuis bly om te leer** en dan net die toets kom skryf nie. Indien 'n leerder **afwesig** is, sal hy/sy nie toegelaat word om die toets op die betrokke dag te skryf nie. Ouers word ook vriendelik versoek om nie leerders gedurende die skooldag te kom uitteken nie. Spesiale versoeke moet asseblief vooraf met die graadhoofde bespreek word. Let ook op dat die toetse op sekere dae vroeër in die dag geskryf sal word. Verwys asseblief na die toetsreëlings wat elke leerder sal ontvang.

U, as ouers, moet asseblief u kinders motiveer om op akademiese vlak hulle hoogste moontlike prestasie na te streef. Elke punt wat ‘n leerder deur die jaar kry, vorm deel van die uiteindelike promosiepunt aan die einde van die akademiese jaar. Die punte vir deurlopende assessering, word aan die einde van die jaar saam met die finale eksamenpunt gebruik om te bepaal wat die leerder se finale punt is. Ervaring het ons geleer dat leerders wat nie deur die jaar hard werk nie, baie meer sukkel om goeie akademiese resultate te verkry as leerders wat deurlopend hard werk.

Baie sterkte aan elke leerder en ouer met die voorbereiding en skryf van hierdie toetsreeks.

Harde werk lei tot goeie resultate.

JF AKADEMIESE-groete
Kobus de Wet

GEES BEKER WENNERS

Maart

SO	MA	DI	WO	DO	VRY	SAT
					1 TOETS ATLETIEK ASA FHP SPORTDAG	2
3	4 TOETS	5 TOETS	6 TOETS RADIKALE REDENAARS INSKRYWINGS SLUIT ATLETIEK AFS	7 TOETS	8 TOETS SKAAK:LIGA RUGBY: PA-&-SEUN-AAND OPPIETONGAF OPEDAG	9
10	11 TOETS	12 TOETS ATLETIEK AFS WESGROW: WITTEBERG TUIS	13 TOETS	14 TOETS	15 TOETS WESGROW: GOUDVELD WEG	16
17	18 TOETS	19 TOETS	20 TOETS SKOOL SLUIT	21 Vakansie	22 Vakansie	23
24 Vakansie	25 Vakansie	26	27 Vakansie	28 Vakansie	29 Vakansie	30 Vakansie
31						

1 Maart
Atletiek: (VS) ASA Kampioenskappe
Sportdag: Fichardtpark
Toetsreeks begin
Uit die LOO-kantoor
LOO1
6 Maart
Atletiek: AFS
Radikale Redenaars: Inskrywings sluit
Radikale Redenaars: Video's
8 Maart
Atletiek: FSHSAO
Oppietongaf: Inskrywings
Rugby: Pa-en-seun-aand
Skaak: Liga
8 Maart
Gr. 7 JF Opedag

12 Maart
Wesgrow: H/S Witteberg (Tuis)
Atletiek: AFS
15 – 16 Maart
Wesgrow: H/S Goudveld (Weg)

TOETSROOSTER -

TOETSREEKS, 4 - 20 MAART 2024

REËLINGS

Volgens departementele voorskrifte moet daar in meeste vakke 'n assessering vir kwartaal 1 plaasvind in die vorm van 'n toets. Meeste toetse word daagliks vanaf 12:30 tot 13:40 geskryf. Daar word in hierdie tyd ook voorsiening gemaak vir leerders met ekstra skryftyd. Sekere vraestelle is egter, volgens departementele voorskrifte, langer as 1 uur en leerders sal dus later as 13:40 voortgaan met die betrokke vraestelle. Indien die vraestel langer as een uur is sal die vakpersoneel reëlings met die betrokke vakgroep tref. Sommige Graad 8 en 9 vraestelle neem die vorm van 'n assesseringstaak aan. Vakpersoneel sal die reëlings rondom hierdie take aan leerders deurgee. Alle grade gaan elke dag normaal aan met skool tot 12:05.

1. Die skooltye tydens die toetsreeks is as volg:

07:25 tot 07:57	Periode 1
07:57 tot 08:30	Periode 2
08:30 tot 09:02	Periode 3
09:02 tot 09:35	Periode 4
09:35 tot 09:55	Pouse
9:55 tot 10:27	Periode 5
10:27 tot 11:00	Periode 6
11:00 tot 11:33	Periode 7
11:33 tot 12:05	Periode 8
12:05 tot 12:20	Pouse
12:20	Aantree by toetslokale
12:30 tot 13:40	Toetsperiode

2. Leerders wat op 'n betrokke dag 'n vraestel skryf moet reeds om 12:20 by die toetslokale wees sodat administratiewe reëlings getref kan word. Graad 8 en 9 leerders skryf alle vraestelle in registerklasverband in die registerlokale. Graad 10 tot 12 leerders sal in spesifieke lokale ingedeel word vir die skryfsessie. Hierdie lokale sal later aan leerders bekend gemaak word.

3. Leerders wat nie op 'n betrokke dag skryf nie, sal om 12:05 verskoon word. Hierdie leerders moet asseblief die skoolterrein verlaat en nie 'n steurnis wees vir leerders wat nog toetse skryf nie.

4. Leerders wat afwesig is tydens toetse moet 'n mediese sertifikaat inhandig en 'n reëling met vakpersoneel tref om die toets in te haal.

5. Op **8 Maart** vind die graad 7 Opedag plaas. As gevolg hiervan word die toetse vroeër in die dag geskryf sodat die skool in gereedheid gebring kan word vir die opedag. Die skryfsessie vir alle grade sal vanaf 09:30 tot 10:30 wees. Die res van die dagprogram sal later in detail deurgegee word en die skool sal om 13:00 verdaag.

6. Op **12 Maart** vind die Interskole sportdag teen Hoërskool Witteberg plaas. Die skryfsessie sal vanaf 07:30 tot 08:30 plaasvind. Leerders wat op die betrokke dag skryf moet reeds om 07:20 by die skryflokale aanmeld. Die sportdag sal om 09:00 'n aanvang neem.

7. Op **15 Maart** vind die Beheerliggaamverkiesing plaas. As gevolg hiervan sal die toetse vroeër in die dag geskryf word om enige ontwrigting later in die dag te vermy. Die skooldag sal om 07:25 met 'n registerperiode begin en die skryfsessie vir alle grade sal vanaf 08:00 tot 09:00 wees. Daarna sal normale akademiese periodes vir die res van die dag volg. Verdere reëlings rondom die verkiesing sal later deurgegee word.

8. Op **20 Maart** sluit die skool om 09:00. Leerders wat op 20 Maart by skryfsessies betrokke is moet dus om 07:45 by die toetslokale aanmeld en die skryfsessie sal van 08:00 tot 09:00 wees.

9. Hierdie is 'n toetsreeks en nie eksamen nie. Skool gaan elke dag normaalweg voort en die toets word aan die einde van die dag geskryf. Personeel gaan normaalweg voort met onderrig in klastyd en daar sal ook huiswerk gegee word. Leerders wat deur die dag afwesig is van skool sal nie toegelaat word om die toets op die betrokke dag te skryf nie.

BEHEERLIGGAAMVERKIESING 2024

Kennis geskied hiermee dat die verkiesing van nege (9) lede van die Beheerliggaam van bogenoemde op Vrydag, 15 Maart 2024 vanaf 07:00 tot 18:00 te Hoërskool Jim Fouché gehou sal word.

Die nominasie moet by die kantoor ingedien word nie meer as sewe (7) dae vooraf en nie minder as drie (3) dae voor die aanvang van bogenoemde verkiesing nie. Nominasies sluit dus op Dinsdag, 12 Maart 2024 om 07:00. Nominasievorms is by die kantoor beskikbaar.

.....

TOETSROOSTER -

TOETSROOSTER - MAART 2024

DATUM	GRAAD	VAK	TYD	LOKAAL
4 Maart	12	IGO	12:30 tot 13:30	K2B K19
5 Maart	12	LW	12:30 tot 14:00	1 111 34 106
6 Maart	12	ENG	12:30 tot 13:30	Registerklasse
7 Maart	12	VBS	12:30 tot 14:00	12 203
8 Maart	12	AFR	09:30 tot 10:45	Registerklasse
11 Maart	12	EKON	12:30 tot 14:00	34
11 Maart		DRAMA	12:30 tot 13:30	30
12 Maart	12	FW	07:00 tot 09:00	111 112
		TRSM	07:00 tot 08:30	12 203
13 Maart	12	RTT	12:30 tot 13:30	110 34 106 111
14 Maart	12	MUSIEK	12:30 tot 13:30	112
		BEST	12:30 tot 13:30	112 12
15 Maart	12	GEO	08:00 tot 09:00	203
		KUNS	08:00 tot 09:30	33
18 Maart	12	REK	12:30 tot 14:00	106 111
19 Maart	12	WISK	12:30 tot 13:30	112 12
		WWWG	12:30 tot 13:30	203 110 34 106
20 Maart	12	DRAMA	08:00 tot 09:00	K30

TOETSROOSTER

TOETSROOSTER -

TOETSROOSTER - MAART 2024

DATUM	GRAAD	VAK	TYD	LOKAAL
4 Maart	11	RTT	12:30 tot 13:30	K30 K105 K28
5 Maart	11	IGO	12:30 tot 13:30	K2B K19
6 Maart	11	BEST	12:30 tot 13:30	30 105
7 Maart	11	ENG	12:30 tot 13:30	Registerklasse
8 Maart	11	AFR	09:30 tot 10:45	Registerklasse
11 Maart	11	EKON	12:30 tot 13:30	210
		GEO	12:30 tot 13:30	28
		VBS	12:30 tot 13:30	204 107 106
12 Maart	11	DRAMA	07:30 tot 08:30	30
		TRSM	07:30 tot 08:30	105 210
13 Maart	11	KUNS	12:30 tot 13:30	28
		MUSIEK	12:30 tot 13:30	28
14 Maart	11	REK	12:30 tot 13:45	204 107
15 Maart	11	WISK	08:00 tot 09:00	105 210 28
		WWWG	08:00 tot 09:00	204 107 30 9
18 Maart	11	FW	12:30 tot 14:30	30 105
19 Maart	11	LW	12:30 tot 13:30	210 28 204 107
20 Maart	11	LO	08:00 tot 09:00	Soos gereël

TOETSROOSTER

TOETSROOSTER -

TOETSROOSTER - MAART 2024

DATUM	GRAAD	VAK	TYD	LOKAAL
4 Maart	10	LO	12:30 tot 13:30	Soos gereël
5 Maart	10	AFR	12:30 tot 13:45	Registerklasse
6 Maart	10	RTT	12:30 tot 13:30	3 209 202
7 Maart	10	IGO	12:30 tot 13:30	K2B K19
8 Maart	10	BEST	09:30 tot 10:30	3 202
11 Maart	10	EKON	12:30 tot 13:30	202
		GEO	12:30 tot 13:30	209
		VBS	12:30 tot 13:30	9 205
12 Maart	10	TRSM	07:30 tot 08:30	3 9
13 Maart	10	WISK	12:30 tot 13:30	202 209 9 205
		WWWG	12:30 tot 13:30	3 103 10
14 Maart	10	REK	12:30 tot 13:45	3 9
		DRAMA	12:30 tot 13:30	202
15 Maart	10	ENG	08:00 tot 09:00	Registerklasse
18 Maart	10	FW	12:30 tot 14:30	202 209 9
		KUNS	12:30 tot 13:30	9
19 Maart	10	LW	12:30 tot 13:30	3 9 202 205
20 Maart	10	MUSIEK	08:00 tot 09:00	Soos gereël

TOETSROOSTER

TOETSROOSTER - MAART 2024

DATUM	GRAAD	VAK	TYD	LOKAAL
4 Maart	9	SW	12:30 tot 13:30	Registerklasse
5 Maart	9	AFR - V1	12:30 tot 13:30	Registerklasse
6 Maart	9	NW-L	12:30 tot 13:30	Registerklasse
7 Maart	9	LO	12:30 tot 13:30	Registerklasse
8 Maart	9	NW-M	09:30 tot 10:30	Registerklasse
11 Maart	9	EBW	12:30 tot 13:30	Registerklasse
12 Maart	9	AFR - V2	07:30 tot 08:30	Registerklasse
13 Maart	9	TEGN	12:30 tot 13:30	Registerklasse
14 Maart	9	WISK - TAAK	12:30 tot 13:30	Registerklasse
15 Maart	9	REM		
18 Maart	9	WISK	12:30 tot 13:30	Registerklasse
19 Maart	9	ENG	12:30 tot 13:30	Registerklasse
20 Maart	9	REM		

DATUM	GRAAD	VAK	TYD	LOKAAL
4 Maart	8	NW-M	12:30 tot 13:30	Registerklasse
5 Maart	8	TEGN	12:30 tot 13:30	Registerklasse
6 Maart	8	AFR - V1	12:30 tot 13:30	Registerklasse
7 Maart	8	NW-L	12:30 tot 13:30	Registerklasse
8 Maart	8	AFR - V2	09:30 tot 10:30	Registerklasse
11 Maart	8	ENG	12:30 tot 13:30	Registerklasse
12 Maart	8	WISK - TAAK	07:30 tot 08:30	Registerklasse
13 Maart	8	LO	12:30 tot 13:30	Registerklasse
14 Maart	8	WISK	12:30 tot 13:30	Registerklasse
15 Maart	8	REM		
18 Maart	8	EBW	12:30 tot 13:30	Registerklasse
19 Maart	8	SW	12:30 tot 13:30	Registerklasse
20 Maart	8	REM		

TOETSROOSTER

UIT DIE KANTOOR VAN
Sielkundige
ontvangs.loo2@jimfouchehs.com

ELEKTRONIESE TOESTELLE: MONITERING, TOEPS EN DIE BESKERMING VAN U KIND.

Kinders sosialiseer op hul elektroniese toestelle, kry huiswerk daarop, speel aanlyn speletjies ensovoorts.
As ouer stel die monitering van u kind se elektroniese toestel u in staat om u kind te beskerm en leiding te bied oor die verantwoordelike gebruik van hierdie toestel.
Dit help ook om gesonde gewoontes rondom die gebruik daarvan by u kind te kweek.
Bykomend kan dit gevalle van kuberboelie en ander negatiewe aktiwiteite voorkom.

Die volgende toeps word aanbeveel om u kind se elektroniese toestel te monitor:

1.Net Nanny
2.Screen Time Parental Control
3.Google Family Link
4.Familytime
5.Bark

Alvorens een van die bogenoemde toeps gebruik word, sal 'n gesprek met u kind van waarde wees. Dit is belangrik dat u kind verstaan hoekom die gebruik van die toep nodig is. Dit sal ook van waarde wees om 'n bespreking te hê oor die grense rondom die gebruik van die toestel en die nagevolge van die oortreding van die grense.

Elektroniese Toestelle

JF LEEF MET

WAARDE VAN DIE WEEK

Waarde

Week se stukkies

Volgens die Bybel is geloof die vertroue en oortuiging dat God bestaan en dat Hy 'n aktiewe rol in ons lewens speel.
Dit is die geestelike sien en hoor waardeur ons God waarneem en Hom erken as deel van ons bestaan.
Geloof is nie net kennis van God nie, maar 'n persoonlike verhouding met Hom.

Eenvoudige Verduideliking:

→Geloof is eenvoudig om **absoluut te vertrou** op God.
→Dit impliseer ook **lojaliteit en getrouheid** teenoor God.
→Dit is nie 'n ingewikkelde konsep nie, maar eerder 'n **diep innerlike oortuiging.**

Praktiese Uitleg:

- Vergelyk geloof met die **reageer op 'n teenwoordigheid**.
- As jy iemand sien wat jy wil beïndruk, verander jou optrede en woorde.
- Net so laat geloof jou God in jou lewe raaksien en verandering maak.
- Jy leef anders omdat jy weet Hy is daar en jy wil Hom gelukkig maak.

In 'n neutedop: Geloof is om God te ken, te vertrou, en in 'n verhouding met Hom te leef

DANKIE VIR U OMGEE

Die JF-hart loop oor van dankbaarheid teenoor elke gesin wat so grootmoedig bygedra het tot die koskas. U bydraes help nie net om honger stil te maak nie, maar wakker `n gevoel van samewerking en omgee binne ons skool aan. Baie dankie vir u onbaatsugtige gebaar van liefde en omgee.

Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee.
Filippense 4:13
alles
krag
Maar wat engeë

Kultuur

LANDSDIENS: Kwaggaas

Baie geluk

Liné Fourie is gekies om die Jeugberaad by te woon van 21 tot 24 Maart 2024 te Pietermaritzburg. Tydens die beraad sal daar 'n toekenning oorhandig word aan The Gift of the Givers.

NASIONALE JEUGBERAAD

Tydens hierdie berade kry die jeug kans om hul stem te laat hoor rakende die strategiese koers wat die Landsdiensbeweging inslaan. Hierdie beraad neem die vorm aan van 'n simposium met mosies, besprekingspunte en aanbevelings, wat gemaak word vir oorweging deur die hoofbestuur.Streke word versoek om Landsdieners op meriete te nomineer vir hierdie berade. 'n Nasionale jeugberaad het dieselfde status as 'n Nasionale kamp.

Jeugberaad

1 jaar groeiing

LANDSDIENS
LAND SERVICE

Nautilus

1ste Nautilus kamp van die jaar: Uitslae

Graad 8: 5de plek - Cara Hoffman
Graad 9: 1ste plek - Natasha de Waal
2de plek - Lineé Lubbe





JF's got Talent

Sport

Gewigoptel

Op 10 Februarie 2024 neem Roechelle van der Merwe deel aan die Oos-Kaapse kwalifiserende "Powerlifting" kompetisie wat aangebied is in Port Elizabeth. Sy is die beste Sub-Junior deelnemer vir haar gewigsklas vir die dag en kwalifiseer om aan die Suid Afrikaanse kampioenskappe deel te neem wat begin April in Potchefstroom gaan plaasvind. Sy is dus ingesluit in die Vrystaatspan.

Laser run Vrystaat

Laser run Vrystaat het die 19de Februarie 2024 by St Michael's plaasgevind.

NJ Oosthuizen vaar baie goed tydens die byeenkoms.

Die o/19-atlete hardloop 5 x 600m en skiet 4 keer 5 groen teikens oor 'n afstand van 10 meter.

Karate

Cara Hoffman is in die Vrystaat-Karatespan ingesluit vir Kata en Kumite.

Ons is baie trots op Bertie Cruywagen, een van ons top atlete wat in Pretoria aan die Curro byeenkoms gaan deelneem het.

Hy het n 2de plek in die 200 m behaal met n tyd van 00:21.22 asook n 4de plek in die 100 m met n tyd van 00:10.64.

Opgewonde oor die res van sy seisoen wat voorlê!

#TROTSJF

#TROTSJF

ATLETIEK Sport

#trotsJF

Dogters 14:
1ste plek – Simoné du Toit. Spiesgooi. 28.38 m.
2de plek – Carolina Geldenhuys. Spiesgooi. 26.17 m.
2de plek – Rukaiya Sampson. Hoogspring. 1.30 m.
2de plek - Dané Neethling. 400 m. 00:63.54
4de plek - Dané Neethling. 200 m. 00:27.33
5de plek – Hayley Stoltz. 200 m. 00:29.43
5de plek – Rukaiya Sampson. Verspring. 4.55 m

Dogters 15:
1ste plek - Neldri du Toit. Hamergooi. 39.29 m
1ste plek – Lin-Mari van Zyl. Hoogspring. 1.43 m
2de plek - Maruné Dreyer. Hoogspring. 1.40 m
2de plek – Zanelle Carelzen. Spiesgooi. 35.84 m
3de plek – Lana van Schalkwyk. Gewigstoot. 10.23 m
4de plek – Neldri du Toit. Gewigstoot. 9.72 m
4de plek - Maruné Dreyer. 90 m Hekkies. 00:15.05

Dogters 16:
1ste plek – Danell Oelofse. 3000 m 11:07.51
1ste plek – Danell Oelofse. 2000 m Hindernis. 07:29.49
1ste plek – Hanel Browne. Driesprong. 10.51m
2de plek – Mia Aucamp. 200 m. 00:27.57
2de plek – Mia Aucamp. 400 m. 00:64.47
2de plek – Danika Kotzé. Verspring. 3.96m
3de plek – Mia Aucamp. 100 m. 00:13.03
3de plek – Alinca Smit. 400 m. 00:66.36
4de plek – Alinca Smit. 200 m. 00:29.05
5de plek – Melani Slabbert. Gewigstoot. 8.30 m

Dogters 17:
1ste plek - Amoné Verwey. Verspring. 5.16 m
2de plek - Amoné Verwey. 200 m. 00:26.81
2de plek - Johaney du Toit. Hamergooi. 44.42 m
2de plek – Johaney du Toit. Gewigstoot. 11.03 m
2de plek – Amoné Verwey. 100 m 00:12.80
2de plek – Robyn – Leigh Viljoen. Verspring. 5.07 m

Dogters 19:
1ste plek – Marli Smith. Spiesgooi. 32.08 m
2de plek - Roechelle van der Merwe. Gewigstoot. 8.33 m
2de plek - Roechelle van der Merwe. Diskus. 21.42 m

Aflos vir die dogters - eindig 3de.

#TROTSJFATLETIEK

#TROTSJF

ATLETIEK

Seuns 14:
2de plek – Wian Burger. 200 m. 00:24.24
2de plek – Retief Ehlers. Verspring. 5.10 m
3de plek – Nico Coetzee. 200 m. 00:24.31
4de plek – Wian Burger. 100 m. 00:12.19

Seuns 15:
2de plek - Ruan Kruger. Hamergooi. 44.87 m
2de plek - Jayden Barlow. 400 m. 00:56.97
2de plek – Jareth Scott. Driesprong. 11.15 m
3de plek – Jareth Scott. Verspring. 5.70 m
3de plek – Jaco Taljaard. Driesprong. 10.19 m
4de plek - Ruan Kruger. Gewigstoot. 13.61 m
4de plek – Mignus Booysens. Spiesgooi. 29.34 m
5de plek – Jeandré Nel. Spiesgooi. 27.69 m

Seuns 16:
1 ste plek - Joshua Oosthuizen. 200 m. 00:22.42
1ste plek – Joshua Oosthuizen. 100 m. 00:10.84
1ste plek – Tiaan Buys. Diskus. 34.13
2de plek - Tiaan Buys. Hamergooi. 41.67 m
2ste plek - Tiaan Buys. Gewigstoot. 13.05 m
3de plek – HJ Noeth. Diskus. 29.18 m
4de plek – Regan de Villiers. Hoogspring. 1.50 m

Seuns 17:
1ste plek - Conrad van der Zwaard. Gewigstoot. 14.51 m
1ste plek- Conrad van der Zwaard. Diskus. 45.15 m
1ste plek – Danyon Melaat. Driesprong. 14.25 m
1ste plek – Danyon Melaat. Verspring. 6.42 m

Seuns 19:
1ste plek – Bertie Cruywagen. 200 m. 00:21.38
1ste plek – Bertie Cruywagen. 100 m. 00:10.51

Dankie aan elkeen van ons atlete vir hierdie puik uitslae!

#TROTSJFATLETIEK

#TROTSJF

Swem

SWEM

DANé DE KLERK	DOGTERS 16	1STE	200m INDIVIDUELE WISSELSLAG
DANé DE KLERK	DOGTERS 16	1STE	100m VLINDERSLAG
DANé DE KLERK	DOGTERS 16	1STE	200m VRYSLAG
DANé DE KLERK	DOGTERS 16	1STE	50m VLINDERSLAG
DANé DE KLERK	DOGTERS 16	1STE	200m VLINDERSLAG
LANA VAN SCHALKWYK	DOGTERS 15	4DE	50m RUGSLAG
LANA VAN SCHALKWYK	DOGTERS 15	5DE	50m VLINDERSLAG
LANA VAN SCHALKWYK	DOGTERS 14	5DE	100m RUGSLAG
LANA VAN SCHALKWYK	DOGTERS 14	6DE	50m VRYSLAG
MINKE LABUSCHAGNE	DOGTERS 16	5DE	50m BORSSLAG
MINKE LABUSCHAGNE	DOGTERS 16	9DE	50m VLINDERSLAG
MINKE LABUSCHAGNE	DOGTERS 16	10DE	50m VRYSLAG
ZANDRé VAN NIEKERK	SEUNS 17-19	5DE	50m RUGSLAG
BERNARD MacKAY	SEUNS 17-19	4DE	100m RUGSLAG
AJ THERON	SEUNS 15	6DE	200 VRYSLAG

Dané de Klerk wen trofee as die beste swemmer - Dogters 16

Dané de Klerk wen trofee as die Victrix Ludorm vir Dogters

Baie geluk! Dané is dan ook ingesluit in die Vrystaat swemspan.

#TROTSJFSWEM

#TROTSJF

Hokkie

Jim Fouché Hoërskool

KAR WAS

9 MAART

8H00 -12H00

TEERBLAD VOOR SAAL

KARRI OF INRY

R85

1 GRATIS

+

Hokkie

JF-HOKKIE BIED AAN:
9 MAART 2024
18:30-22:00
FLIEKAAND
-&-
SOKKIE
HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ RUGBYVELD
KAARTJIES: R65 BESKIKBAAR OP QUICKET
VERVERSINGS SAL TE KOOP WEES.
HOËRSKOOL JIM FOUCHE
SAAI OM TE OES

Hokkie

Hokkie

FICHARDTPARK SPORTDAG

HOKKIEBEPALINGS

FHP-ASTRO		
08h00-08h45	JF vs H/s Upington	O/19D
10h30-11h15	Duineveld vs JF	O/19S
15H30-16h15	JF vs H/S Upington	O/19S

JF-ASTRO		
08h50-09h35	Duineveld B vs JF B	O/19D
11h20-12h05	JF vs Duineveld	O/14S

KOVSIES 1		
08h50-09h35	JF vs H/S Upington	o/16D
11h20-12h05	JF vs Sentraal	o/14D
13h50-14h35	JF vs Duineveld	o/14D

EUNICE ASTRO		
09h40-10h25	Duineveld vs JF	o/16S
12h10-12h55	Sentraal B vs JF B	o/14S
13h00-13h45	St Patrick's CBC vs JF B	o/16s
13h50-14h35	JF vs Aliwal Noord (o/19)	o/16S

KOVSIES 2		
15h30-16h15	JF B vs H/S Upington B	o/19S
16h20-17h05	JF B vs H/S Upington B	o/19D

SENTRAAL ASTRO		
08H00-08h45	JF B vs Brebner	o/14D
14h40-15h25	JF vs Duineveld	o/16D

ST MICHAEL'S ASTRO		
11h20-12h05	Eunice vs JF B	o/16D
13h50-14h35	JF vs Kimberley Girls High	o/19D

JF-HOKKIE VOORSEISOENWEDSTRYDE

O/16-UITSLAE

DOGTERS O/16	
1 - 0	JF vs Sentraal B
1 - 0	JF vs OMS B
0 - 0	JF vs Sentraal A
4 - 1	JF vs SMS

SEUNS O/16	
4 - 2	JF vs Sentraal
4 - 0	JF vs Witteberg
1 - 1	JF vs Trio
0 - 2	JF vs Saints

Juanré Botha, Masego Phala, Martso Horn, Angelise Smith, Juanré en Werleo Deetlefs word onderskeidelik as speler van die wedstryd deur Kovsies aangewys.

KovsieSport hockey | UFS

Rugby

FHP SPORTDAG

RUGBYBEPALINGS

JF 0/14 - A	12:00 FHP D-VELD	DUINEVELD 0/14 - A
JF 0/14 - B	14:00 FHP D-VELD	DUINEVELD 0/14 - B
JF 0/15 - A	09:00 FHP C-VELD	DUINEVELD 0/15 - A
JF 0/15 - B	15:00 FHP D-VELD	DUINEVELD 0/15 - B
JF 0/16 - A	14:00 FHP C-VELD	DUINEVELD 0/16 - A
JF 0/19 - C	11:00 HTS B-VELD	H/s Bloemfontein 0/19 - A
JF 0/19 - B	08:00 FHP B-VELD	DUINEVELD 0/19 - B
GREENMACHINE	15:00 FHP A-VELD	DUINEVELD 0/19 - A

KONICA MINOLTA

#TROTSJFRUGBY

#TROTSJF

Rugby

KONICA MINOLTA
KONICA MINOLTA
KONICA MINOLTA
KONICA MINOLTA
KONICA MINOLTA

JFSE PA-EN-SEUN-MANNEAAND

JFSE PA-EN-SEUN-MANNEAAND

8 MAART 2024
17:00
Multisentrum

R200 per persoon
Kostes sluit in: braaipak en bykosse
(Kontantkroeg vir pa's beskikbaar.)

Toerspanne word om 19:00 aangekondig.

o/14-, o/15-, o/16-, 4de, 3de, 2de en 1ste spanne is betrokke!!!

Betaling alleenlik d.m.v. EFT:

Bankbesonderhede:
Hoërskool Jim Fouché
Nedbank: Tjekrekening
Rekeningnommer: 115 333 6758
VERWYSING: Rug, naam & van

BRAAI & GENIET

Rugby

RUGBY

JF VS WELKOM GIMNASIUM

UITSLAE

KONICA MINOLTA

24 / 02 / 2024

O/14 - A JF	10	:	47	O/14 - A WELKOM GIM
O/15 - A JF	47	:	0	O/15 - A WELKOM GIM
O/16 - A JF	7	:	10	O/16 - A WELKOM GIM
O/19 - C JF	0	:	8	O/19 - C WELKOM GIM
O/19 - B JF	0	:	47	O/19 - B WELKOM GIM
GREENMACHINE	13	-	31	O/19 - A WELKOM GIM

#TROTSJFRUGBY

#TROTSJF

Netbal
FHP SPORTDAG

NETBALBEPALINGS

O/19 A		
08:50-09:40	JF vs. Kalahari	BAAN 2
10:30-11:20	JF vs. FHP	BAAN 1
13:00-13:50	JF vs. Upington	BAAN 4

O/17 A		
08:00-08:27	JF vs. St Anne's	BAAN 7
09:40-10:07	JF vs. Hartswater	BAAN 5
11:20-11:47	JF vs. Landboudal	BAAN 8

O/16 A		
09:40-10:07	JF vs. Hartswater	BAAN 4
12:37-13:00	JF vs. St Anne's	BAAN 1
13:27-13:50	JF vs. Kalahari O/19B	BAAN 7

O/15 A		
09:40-10:07	JF vs. Duineveld	BAAN 2
12:10-12:37	JF vs. Kalahari	BAAN 4
15:07-15:30	JF vs. Upington	BAAN 5

O/14 A		
09:17-09:40	JF vs. Duineveld	BAAN 5
11:47-12:10	JF vs. Upington	BAAN 9
14:40-15:07	JF vs. Bloemfontein	BAAN 7

ALLE WEDSTRYDE VIND BY FICHARDTPARK PLAAS.

O/19 B		
08:00-08:27	JF vs. FHP	BAAN 6
10:30-10:57	JF vs. Upington	BAAN 7

O/16 B		
09:17-09:40	JF vs. Landboudal O/15A	BAAN 7
14:40-15:07	JF vs. St Michael's	BAAN 1

O/15 B		
10:07-10:30	JF vs. St Michael's O/16B	BAAN 5
15:07-15:30	JF vs. Brebner O/15A	BAAN 1

O/14 B		
08:27-08:50	JF vs. FHP	BAAN 9
15:07-15:30	JF vs. Eunice	BAAN 2

OMS - AANDLIGA

ORANJE SE AANDLIGA

NETBALUITSLAE

BAIE GELUK AAN AL DIE SPANNE.
JF IS TROTS OP JULLE!

O/19 A		
26	JF vs. Oud Tralies	20
24	JF vs. CUT	25
14	JF vs. OMS	19

O/16 A		
18	JF vs. Eunice	2
8	JF vs. OMS	9

O/19 B		
15	JF vs. FHP	0
5	JF vs. OMS	12

O/15 A		
3	JF vs. OMS	13
4	JF vs. Sentraal	11

O/17 A		
6	JF vs. Sentraal	18
9	JF vs. OMS	8

O/14 A		
10	JF vs. OMS	8
15	JF vs. Eunice	2

#TROTSJFNETBAL

JF Oester
Die storie agter die stories
Tweede plek in die Media 24 Nasionale Skoolkoerantkompetisie 2011 (begroting minder as R 10 000)
2014 - 9de in SA - 2015 6de in SA - 2017 7de in SA - 2018 Winner

JF BO ALTYD SO!

Melanie Slabbert

'Op Vrydag 23 Februarie 2024 het JF al hul energie tafel toe gebring en weer geskiedenis gemaak toe hulle aangekondig is as die Gala se Geesbeker-wenners met 'n astronomiese "knockout" van 90,6 %. Hierdie oorwining het ons toegelaat om ons teenstanders behoorlik op hul neuse te laat kyk!

Sukses word egter beslis nie sonder 'n plan, baie oefening en deursettingsvermoë behaal nie. Ons JF rasieleiers het seker gemaak dié jaar het JF 'n plan! Ons tema was 'n boksgeveg, met JF se "Knockout"-hou aan die einde.

Daar is getrou deur die week geoefen om die choreografie te bemeester en 'props' reg te gebruik om te verseker dat ons die beker huis toe bring! JF se onblusbare energie, absolute gehoorsaamheid en onwrikbare respek het vir seker vrugte afgewerp.

Verder het JF baie goed gevaar in die swem, waaraan drie van ons leerders deelgeneem het. Hier palm die sestienjarige Dané de Klerk, wat soos blits deur die water gevlieg het, vyf goue medaljes in en word aangewys word as die Victrix Ludorum, die beste dogterswemmer.

En daarmee is die skrif teen die muur: Jim Fouché is hier om te bly! Ons staan nie opsy nie, ons gee nie op nie, ons is nie bang vir uitdagings nie en ons werk beslis hard om van ons drome 'n werklikheid te maak!

JF'ers, miskien weet hulle nóú wat ons weet:

JF BO ALTYD SO!

https://jfoester.co.za/ <<<

Oosterlig



Intergade 2024

Geeswenners

https://jfoester.co.za/

JF Oester

Die storie agter die stories

Tweede plek in die Media 24 Nasionale Skoolkoerantkompetisie 2011 (begroting minder as R 10 000)
2014 - 9de in SA - 2015 6de in SA - 2017 7de in SA - 2018 Winner

Pretgala 2024

Geeswenners

https://jfoester.co.za/